

Sondag, 10 Mei 2020
Fokusteks: 1 Petrus 2:1-10

Petrus skryf aan nuwe bekeerlinge wat, as gevolg van hul geloof in Jesus, soos vreemdelinge behandel word. Daar word op hulle neergesien omdat hulle Christene is. Baie van hulle is onregverdig behandel en selfs fisies vervolgd. Petrus bemoedig hulle in die begin van sy brief met die belofte van 'n nuwe lewe wat hulle deur Jesus se opstanding uit dood ontvang het (1 Pet 1:3). Daarin is hul hoop vasgemaak.

Hoe moet hulle hierdie "nuwe lewe" leef? Hoe lyk dit in hul alledaagse lewe, veral onder die druk van mense se verwerping van Jesus?

Petrus begin hierdie gedeelte deur te sê wat hulle moet ophou om te doen (vers 1). Dinge soos bedrog, valsheid, jaloesie en kwaadpraterij. Al hierdie dinge moet afgelê word. Dit hoort tot die ou lewe sonder Christus en kan nie deel wees van 'n nuwe lewenswyse nie. Dit is soos wanneer 'n mens vuil klere uittrek en nuwe, skoon klere aantrek. Dit laat mens dink aan wat Paulus later skryf in Rom.13:14 - *Maar beklee julle met die Here Jesus Christus, en maak geen voorsorg vir die vlees om sy begeerlikhede te bevredig nie* (1953-vertaling). Die negatiewe dinge wat in vers 1 genoem word, het alles te doen met die wyse waarop ons in verhouding met mekaar staan. Die gevaar is dat ons dalk die naam "Christen" dra, maar 'n "voorgee lewe" leef. Met ander woorde 'n lewe waarin ons bedoelings met mekaar nie opreg is nie. Dan is dit soos 'n produk wat 'n goeie handelsmerk se naam op het, maar eintlik 'n namaaksel is. In teenstelling daarmee moet hulle eerder strew na 'n lewe van opregtheid.

Hoe moet hulle dan Jesus navolg? Petrus gebruik drie metafore om dit te verduidelik - 'n pasgebore baba wat smag na melk, 'n steen of klip en hoe om 'n priester te wees.

Die eerste beeld is om soos pasgebore babatjies 'n natuurlike instink te hê na melk wat onvervals is. 'n Onweerstaanbare drang om gevoed te word met die regte voeding. Dieselfde gedagte vind ons in Psalm 42 - *Soos 'n wildsbok smag na waterstrome, so smag ek na U, o God*. Die geestelike melk waarna Petrus verwys is die Woord van die Here waar geen ander, vreemde bymiddels (soos die dinge in vers 1) gevoeg is nie. In God se Woord is daar geen valsheid en bedrog nie. God se bedoeling is opreg, en sy woorde is gesuiwer van elke vorm van kwaad. Dit is die basiese voedsel vir ons hele lewe. Ons leef daarvan in elke fase van ons lewe. Dit laat ons groei tot geestelike volwassenheid. Wat is geestelike volwassenheid? Dit is wanneer ons die Woord nie net hoor nie, maar ook gehoorsaam daarop reageer.

'n Verdere motivering om gedurig van God se Woord te leef is die goedheid van die Here wat hierdie nuwe Christene reeds ondervind het (vers 3). Letterlik staan daar dat hulle die goedheid van die Here *geproe* of *gesmaak* het. Die opstanding van Jesus is soos voedsel wat 'n heerlike smaak het - jy kom elke keer terug vir nog meer!

Vanaf verse 4-8 gaan Petrus voort met 'n tweede metafoor wat vir die lesers goed bekend was, naamlik stene en 'n gebou. Bouers het stene en klippe gebruik vir hul bouwerk. Die hoekklip was 'n goedgevormde reghoekige steen wat eerste gelê is omdat die dit die lyne van die gebou bepaal het. Dus het die hele gebou verrys volgens die lyne wat deur die hoeksteen aangedui word. Dis te verstane dat so 'n klip of steen baie belangrik was in die oë van 'n bouer. As die hoeksteen se lyne krom en skeef is, sal die gebou nie goed vertoon nie en ook nie staande bly teen die elemente nie.

Jesus word beskryf as die hoekklip waarop die hele gebou rus. Gelowiges is dan die stene wat die res van die geestelike huis uitmaak. Daar is ook ander bekende beelde in die Bybel wat hierdie verbintenis mooi beskryf, soos "kudde" en die "liggaam van Christus." In hierdie geval word Jesus die "lewende steen" genoem. Gewoonlik simboliseer 'n steen die dood. Daar is tog geen lewe in nie. Dit kan nie beweeg of

groeï nie. Maar hier is dit anders. Die Here het Jesus uit die dood opgewek en aan Hom heerlijkheid en eer gegee. Dit is nie al nie. Jesus wek die nuwe lewe in mense wat voorheen dood was in die sonde. Hy is die lewende en die lewe-gewende. Ons word opgeroep om lewende stene in God se huis te wees, gebou op die lewende steen - Jesus Christus. In moderne bou terminologie kan ons sê Hy is die vaste fondament waarop ons geloof gebou is. Aangesien Jesus die lewende steen is, kan ons geloof ook lewend wees deur verder geestelik te groei en verander te word soos wat ons deur sy Woord gevoed word.

Jesus is die klip wat lewe gee of vernietig. Diegene wat Hom verwerp sal hulself te pletter val oor die klip. Hierdie is 'n trooswoord vir die gelowiges aan wie Petrus skryf. Soos wat bouers 'n klip afkeur omdat dit nie goed genoeg is vir die hoeksteen nie, so is Jesus afgekeur en verwerp. God het Jesus egter uit die dood laat opstaan en aan Hom die ereplek gegee wat Hom toekom - die belangrikste steen in die geestelike gebou. Die Christene aan wie hierdie skrywe gerig word kan hulself hiermee vereenselwig omdat hulle, net soos Jesus, vervolgt en verneder word omdat hulle volgelingen van Jesus is. God sal hulle vashou en bewaar in hierdie tyd. Hulle vervolgers sal nie die laaste sê oor hul lewens hê nie.

Hierdie steen, Jesus Christus, is regtig die sleutel tot God se plan van verlossing. Mense wat aan God se Woord ongehoorsaam is, stamp hulle hard teen hierdie klip. Dit gaan om die houding teenoor God se Woord. Jy kan sy Woord glo of verwerp. Wat jy met sy Woord doen, is 'n beslissende moment in jou lewe. Jy kan óf met gehoorsaamheid óf ongehoorsaamheid reageer, met geloof of ongeloof.

Die oproep in vers 5 om ons as lewende stene te laat opbou tot 'n geestelike huis bevestig die feit dat ons nie net aan Jesus verbind is nie, maar ook aan mekaar. Al is ons dalk onafgewerkte stene en ruwe klippe, elkeen het 'n plek in die huis van God. Elkeen vervul 'n kosbare funksie. Elkeen ontvang 'n gawe van die Gees om ander mee te bedien. Moenie jou rol en funksie in hierdie verband onderskat nie. Ons word ingemessel om deel te wees van die gebou. Daarom moet ons almal saam die Here eer met lofprijsing, gebede en danksegging. Dit is die geestelike offers wat ons gesamentlik moet bring.

Die derde metafoer wat Petrus gebruik verwys na die werk van 'n priester. Hy noem die gelowiges 'n koninklike priesterdom. Dis 'n totaal nuwe gedagte vir die gelowiges. In die Ou Testament was die priester die bemiddelaar tussen die aanbidder en God, maar nou kan enigiemand toegang tot God hê en met Hom praat. Priesterskap is nie beperk tot 'n groepie wat in die tempel afgesonder is om namens ander te offer nie. Elke gelowige is nou 'n priester wat 'n lewende verhouding met God het, toegewy is aan God en offers bring aan God. Elke lid, maar ook almal sáám, is priesters wat in God se diens staan. Ons bedien mekaar met die gawes wat die Gees aan ons gegee het.

Die belangrikste priesterlike taak word in vers 9 se laaste sinsnede uitgespel: ... *die volk wat die verlossingsdade moet verkondig van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig*. Die wêreld moet by ons kan hoor dat God groot en wonderlike dinge vir ons gedoen het. Van die kerk word verwag om die goeie boodskap van vrede en vreugde wat in Christus is, te verkondig.

Die oproep om Jesus met ons hele hart na te volg vra van ons om totaal anders te leef as die ritme van die wêreld. Dit vra van ons om te smag na die betroubare Woord van God sodat ons daardeur geestelik kan groei en versterk word in die geloof. Dit vra ook van ons om nie dooie klippe te wees wat slegs ingestel is op ons eie voorkeure en opinies nie, maar om ons oop te stel vir hoe God ook ander mense se insette en gawes in ons lewens gebruik. So sal ons saam groei tot 'n geestelike huis waar mense van buite ook welkom sal voel in ons en God se teenwoordigheid.

Die metafore wat Petrus gebruik help ons om te verstaan dat ons nie meer elkeen vir onself lewe nie, maar vir God, vir mekaar en vir diegene wat nog moet tuis kom. Ons is nie op ons eie aangewese nie. God is Immanuel - God met ons! Ons leef nou as een, nuwe volk van God, in sy lig en deur sy genade.

Gebed

Here, ek begeer om meer en meer geestelik volwasse te word.

Voed my asseblief met suiwer geestelike melk.

Maak my soos 'n honger babatjie wat al meer soek na vaste kos - U Woord!

Laat ek daardeur geestelik groei en as't ware proe hoe goed U vir my is.

Dankie Jesus, dat U my nooit aan myself oorlaat nie,

maar dat U die lewende steen is

waarop my lewe en geloof gebou word.

U stel ons nooit teleur nie.

Here, help my om'n lewende en aktiewe lid in u diens te wees.

Dankie dat U my u eiendom gemaak het.

U het my geroep uit die duisternis na u wonderbare Lig.

Help my om deur u krag en genade 'n ligdraer van u liefde te wees.

Dankie Here Jesus, vir u liefde.